**Onthou om barmhartig te wees (OP263)**

**Habakuk 3:1-19**

**28 Junie 2026**

Vandag wil ek ons bestudering van die boek Habakuk afsluit deur stil te staan by Hab 3. Maar kom ons herinner ons net eers weer aan wat ons tot dusver in hierdie boek geleer het. Dit het begin met Habakuk wat opgelet het dat daar in Juda, wat die verbondsvolk van die Here was, baie onreg voorgekom het. Gevolglik het hy hieroor tot die Here gebid en vir die Here gevra hoekom hy so baie onreg moet ervaar onder die volk, en dit terwyl die Here toekyk. Die Here het Habakuk geantwoord deur te sê Hy gaan iets doen wat vir Habakuk haas onmoontlik sal wees om te glo: Die Here gaan die Galdeërs stuur – daardie wrede en vreesaanjaende nasie wat oortuig is hulle eie krag is hulle god. En wanneer hulle kom gaan hulle so optree dat dit sal lyk asof al die verbondsbeloftes van die Here in gedrang is: die beloofde land gaan ingeneem word, die verbondsvolk gaan as krygsgevangenes in ballingskap weggevoer word, en met die Judese koning gaan hulle die spot dryf. Habakuk kon dit eenvoudig nie verwerk nie. So, hy het weer na die Here gegaan in gebed. Hy het die Here daaraan herinner dat Hy tog die getroue Verbondsgod is wat standvastig optree. Boonop is Hy die heilige God – hoe kan die Here dan nou met so 'n goddelose nasie saamwerk? Daarna het Habakuk op sy wagpos gaan stelling inneem om die Here se antwoord te hoor. En die Here het weer vir Habakuk geantwoord. Hy het aan Habakuk verduidelik dat hy moet onthou daar kom 'n einde aan tyd soos wat ons dit ken. Dit kan lank duur voor daardie einde kom, maar dit kom definitief. Op pad na daardie einde is daar twee groepe mense: Daar is die onregverdiges – hulle sal, soos wat tyd vorder, na vore tree, soos die Galdeërs nou na vore gaan tree, maar dan gaan hulle ook weer wegkwyn. Die Here het in detail aan Habakuk verduidelik hoe hierdie onregverdiges nie vir lank in hulle wreedhede sal optree voor hulle sal wegkwyn nie. Die ander groep mense is die regverdiges – hulle sal op pad na die einde leef deur geloof. Ja, hulle sal ook kom en gaan, maar selfs wanneer hulle gaan, sal hulle leef – deur hulle geloof. Die Here is primêr oor hulle besorgd: Hy wil hê hulle moet werklik glo – sodat hulle kan leef. Hy gebruik selfs die onregverdiges om hulle te konfronteer – en daarom gaan die Galdeërs nou na Juda kom. Maar die Here het Habakuk ook herinner aan die einde: Aan die einde sal die aarde gevul wees met die kennis van die heerlikheid van die Here. Selfs die onregverdiges sal dit ten minste intellektueel moet erken. Maar dit is dan wat die regverdiges op die nuwe aarde sal kom woon, en wat die aarde werklik gevul sal wees met die kennis van die heerlikheid van die Here.

Dit was die ontwikkeling in die boek Habakuk tot aan die einde van hoofstuk 2. Kom ons kyk nou na Hab 3. Lees vers 1. Nou is dit weer Habakuk wat reageer op die antwoord van die Here, en weereens doen hy dit deur tot die Here te bid.

Lees Hab 3:2a. In sy gebed sê Habakuk hy het gehoor van die roem van die Here. Die vraag is: Waar het Habakuk gehoor van die roem van die Here? Natuurlik het dit duidelik geword in die gesprek wat hy met die Here gevoer het in die loop van die eerste twee hoofstukke van die boek. Maar dit is nie al waar Habakuk dit gehoor het nie. Onthou hy het geleef onder die volk Juda. En die Jode was immers baie gesteld op die feit dat hulle die Here se verbondsvolk is, en op die manier waarop die Here met hulle in die verlede gewerk het. In Hab 3:3-15 beskryf Habakuk sekere insidente en handelinge van die Here uit die verlede wat juis die roem van die Here onderstreep. Kom ons kyk kortliks hierna:

- Lees verse 3-4: Ons lees hier van die Paranberge – in die 2020 DAV is daar 'n onderskrif wat verduidelik dit verwys na 'n bergreeks in die Sinai skiereiland. As ons nou lees dat die luister

van die Here die hemelruim bedek en sy lof die aarde gevul het, dink ons onwillekeurig terug aan byvoorbeeld die gebeure destyds by Sinai, toe die Here neergedaal het na die berg Sinai in daardie heerlike magsvertoon van Sy heerlikheid, en waar Hy aan hulle Sy wet gegee het. Die roem van die Here het daar sigbaar geword, en al was Habakuk nie self daar nie, is dit sekerlik aan hom vertel.

- Lees vers 5. Voor die Here loop pessiektes, en op Sy spore volg plae. Sekerlik het Habakuk gehoor van byvoorbeeld die 10 plae wat destyds die Egiptenaars getref het. Daar was dit tog telkens duidelik dit was die Here self wat die plae gestuur het – 'n uitbeelding van die roem van die Here.
- Lees vers 6. Ons lees hier van nasies wat deur die Here laat opspring is. Hier kon Habakuk byvoorbeeld dink aan die tyd toe die verbondsvolk die beloofde land Kanaän ingeneem het – die inwoners van Kanaän moes eenvoudig opspring om plek te maak vir die volk. Dit was die Here wat dit vir Sy volk bewerk het.
- Lees vers 7. Ons lees hier van die vrees van die inwoners van Kusan en Midian. Dink byvoorbeeld aan koning Balak van die Moabiete wat gevrees het toe die volk van die Here die beloofde land genader het. Of dink aan die stryd tussen die volk en die Midianiete in die Rigtertydperk. Telkens was die roem van die Here sigbaar, en Habakuk moes hiervan kennis neem.
- Lees vers 8-9. Ons lees dat die Here opgetree het teen riviere en selfs die see. Dink maar net aan die Rooisee wat voor die volk oopgekloof is tydens die uittog uit Egipte, of die Jordaanrivier wat oopgegaan het toe die volk die beloofde land ingeneem het – die roem van die Here was sigbaar.
- Lees verse 10-11. Ons lees dat selfs hemelliggame ingespan is om die roem van die Here te demonstreer. Dink maar aan die son wat die Here laat stilstaan het.
- Lees vers 12. Dink maar net aan die ondergang van die Egiptenaars in die Rooisee.

Lees vers 13. Hierdie vers is belangrik om al hierdie dinge wat gebeur het, te verstaan. Habakuk noem drie belangrike sake waarvan ons moet kennis neem:

- Alhoewel daar baie individue en selfs nasies was wat in al hierdie insidente betrokke was waarna Habakuk nou verwys het, was hierdie mense en nasies nie die hoofrolspelers nie. Nee, die Hoofrolspeler was die Here. Hy het dit alles laat gebeur. Daarom getuig dit juis van Sy roem.
- Ons leer ook wat die doel van die Here met hierdie optredes was: Hy trek op tot die redding van Sy volk en tot die redding van Sy gesalfde – waarskynlik verwys "gesalfde" na Sy gesalfde volk. Dit strook met wat ons laasweek gesien het: Die een groep mense wat tot die einde van die wêreldgeskiedenis teenwoordig sal wees, is die regverdiges. En die Here is primêr oor hulle bekommerd. Hy wil dat hulle werklik Sy roem sal raaksien en dit selfs bewustelik sal beleef. Hy laat hulle dit raaksien deurdat Hy hulle red – dan beleef hulle Sy roem, en die gevolg is dat hulle Hom hieroor sal verheerlik – nou alreeds, maar veral aan die einde van die tyd wanneer hulle volledig verlos sal wees. Maar let nou op: Habakuk sê hier hy begin nou raaksien wat die Here hom geleer het in hoofstukke 1 en 2 oor hoe die Here met Juda en die Galdeërs gaan werk, is nie iets nuut nie. Dit is hoe die Here al lankal in die verlede ook opgetree het. Hy sien nou raak dit is in lyn met wat hy al geleer is uit die geskiedenis van die volk. Hy sien dit nou raak.
- Maar vers 13 sê die Here het ook nog 'n verdere doel met Sy optrede waarin Sy roem na vore kom: Hy verpletter ook die koppe en ontbloot die binneste van die goddeloses, oftewel

die onregverdiges. Maar dit is ook in lyn met wat die Here in hoofstuk 2 aan Habakuk beloof het.

Wat Habakuk begin raaksien, is dat die optrede van die Here deurdat Hy nou die Galdeërs gaan stuur, nie so uniek is as wat hy aan die begin gedink het nie. As hy dink oor alles wat hy al gehoor het oor wat in die geskiedenis gebeur het, dan strook dit met wat die Here nou wil laat gebeur deurdat Hy die Galdeërs na Juda gaan stuur. En verder: Habakuk was vroeër bekommerd dat die optrede van die Here nie strook met Sy karakter as die getroue en heilige Verbondsgod nie. Maar Habakuk begin nou raaksien dit strook perfek met hierdie karakter van die Here. Hy tree op juis met die doel om die verbondsvolk te red, en ook om die goddeloses te ontbloot en te verpletter.

Kom ons keer nou terug na vers 2. Lees vers 2a. Habakuk sê hy het van die roem van die Here gehoor – in wat die Here hom geleer het tydens sy gesprekke met die Here, maar hy sien dit ook raak in die geskiedenis van die volk. En gevolglik word hy met ontsag vervul – ontsag vir die Here. Dit is vir Hom nou so duidelik: Die Here is in beheer. Hy tree op in lyn met Sy doel: Hy wil die Sy verbondsvolk red, en Hy wil die goddeloses ontbloot en verpletter – en dit sal daartoe lei dat die aarde eventueel gevul sal wees met die kennis van die Here. Habakuk kom hier tot 'n belangrike insig: Dit is die dade van die Here wat die roem van die Here duidelik maak, en dit is die roem van die Here wat daartoe lei dat hy, Habakuk, ontsag vir die Here het.

Maar let op: Habakuk het dit geleer uit wat die Here aan hom geopenbaar het in sy worsteling oor wat die Here nou met Juda gaan doen, en hy het dit ook al geleer uit die geskiedenis van die volk. Die vraag is waar leer ons ontsag vir die Here ken? Natuurlik ook uit die dade van die Here. Maar waar leer ons van die dade van die Here? Ons is in selfs 'n nog meer gunstige posisie as Habakuk om die roem van die Here uit Sy dade te leer ken, en om dus ontsag vir die Here te hê, want:

- Ons het ook die Ou Testament, soos Habakuk, insluitend die boek Habakuk, wat vir ons die dade van die Here destyds met die verbondsvolk beskryf.
- Boonop het ons die dade van die Here in die Nuwe Testament – in besonder die koms en die werk van die Here Jesus. As ons dit bestudeer moet dit tog sekerlik ook lei tot ontsag vir die Here.
- En boonop het ons ook nog 2000 jaar se wêreldgeskiedenis wat sedertdien afgespeel het en gevul is met dade van die Here.
- En asof dit nie genoeg is nie, het ons ook elkeen ons eie persoonlike geskiedenis wat ook gevul is met die dade van die Here.

Die punt is: die dade van die Here is oral. Natuurlik leer ons dit in besonder in die Bybel. Maar as jy nuus luister, luister jy na die dade van die Here. As jy vanaand vir jou man of vrou vertel hoe jou dag verloop het, praat julle oor die dade van die Here. En as jy behoorlik aandag gee aan wat besig is om te gebeur, leer ons om vir die Here ontsag te hê. Jy moet net aandag gee. En selfs die mense wat nie aandag gee en dit nie wil raaksien nie, sal aan die einde van die tyd ook moet erken: Die Here is ontsag waardig.

Lees vers 2b. Habakuk bid dat die Here Sy dade 'n werklikheid sal maak in Habakuk se tyd, m.a.w. Habakuk bid dat die Here voort sal gaan om te doen wat die Here moet doen – sodat Juda weer ontsag vir die Here sal hê, soos wat Habakuk ontsag vir die Here ontwikkel het deurdat hy die doel van die dade van die Here begin raaksien het. Maar, onthou wat die Here gesê het wat Hy beplan om met Juda te doen: Hy gaan die Galdeërs stuur. Dit het Habakuk ontstel toe hy dit aanvanklik gehoor het. Maar nou bid Habakuk dat die Here moet voortgaan en Sy dade in hulle tyd moet doen – selfs al beteken dit dan dat die Here die Galdeërs moet stuur. Wat het gebeur wat hierdie verandering in

Habakuk teweeg gebring het? Wat gebeur het, is dat Habakuk nou verstaan die dade van die Here sal lei tot ontsag vir die Here: Die dade van die Here lei tot redding van die regverdiges, en dit lei tot ontbloting van die onregverdiges – maar beide hierdie gevolge dra by daartoe dat die aarde gevul sal word met die kennis van die heerlikheid van die Here, beide dra by daartoe dat daar ontsag sal wees vir die Here. En dit is die hoogste doel, dit is die einddoel, dit is waarheen die Here besig is om te werk. En daarom bid Habakuk: Here, maak U dade ‘n werklikheid – ook in hierdie tyd – sodat daar ontsag vir U sal wees.

Lees vers 2c. Ek kan my goed indink dat Habakuk nog ietwat huiwerig was om te bid dat die Here moet voortgaan om te doen wat Hy gesê het Hy gaan doen – immers is die Galdeërs ‘n wrede nasie. Aan die ander kant verstaan Habakuk dit sal bydra tot ontsag vir die Here. En daarom voeg Habakuk haastig by: Onthou om barmhartig te wees te midde van ontsteltenis. Hy vra dat die Here tog ook sal onthou om barmhartig te wees te midde van Sy ontsteltenis oor die onreg in Juda. Hy vra dat die Here tog ook barmhartig sal wees te midde van die koms van die Galdeërs.

Kom ons bedink vir ‘n oomblik wat die implikasies vir ons is uit wat ons tot hiertoe gesien het: Ons het in die verlede herhaaldelik opgemerk dat die situasie destyds in Juda, baie dieselfde klink as die situasies waarin ons onsself bevind: Die wêreld is gevul met onreg, soos Juda. Ons land is ook gevul met onreg, soos Juda. En ons is selfs bekommerd oor die kerk, soos wat Habakuk oor Juda bekommerd was. Destyds het die Here gesê Hy gaan die Galdeërs stuur – ‘n wrede goddelose nasie. En Habakuk het geprotesteer. Maar die Here het Hom oortuig dit pas in by die Here se plan, en sal lei tot meer ontsag vir Hom, en dit sal bydra daartoe dat die aarde gevul sal word met die kennis van die heerlikheid van die Here. Habakuk het dit gesnap, en nou bid hy dat die Here moet voortgaan. John Blanchard skryf hieroor en sê wat Habakuk hier bid, is radikaal. Blanchard sê dit is so radikaal soos wanneer iemand wat bekommerd is oor byvoorbeeld die morele en geestelike verval in byvoorbeeld die Verenigde Koninkryk, tot die Here daaroor sou bid – en dan kondig die Here aan Hy gaan ‘n Islamitiese vyand stuur. En die gevolg is dat hierdie bekommerde persoon in die Verenigde Koninkryk nou bid dat die Here moet voortgaan om die Islamiete te stuur. Dit voel vir ons vreemd, is dit nie? Ek glo jy kan self die implikasie aanpas vir ons eie land – dalk moet ons bid die Here moet ‘n nog meer korrupte regering stuur. Of dalk moet ons bid dat vreemde leringe ‘n nog groter rol in die kerk speel. Is jy bereid om te bid dat die Here moet voortgaan hiermee? Natuurlik kan jy net voortgaan om vir so ‘n saak te bid as jy vir ‘n tyd al hieroor met die Here geworstel het, en Hy duidelik gemaak het dit is wat Hy weet nou nodig is. Maar selfs dan, sal jy bereid wees om te bid dat die Here hiermee moet voortgaan? Dit klink so anders as die tipiese optrede en reaksies van ons tyd: Ons redeneer eerder dat Islamitiese bewegings moet ten alle koste uit sogenaamde Christelike lande gehou word. Ons laat nie eens ruimte vir die gedagte dat dit moontlik die Here se wil is nie. Ek sê nie dat ons as Christene altyd maar net die Islamiete moet toelaat om hulle gang te gaan nie, maar ek is wel oortuig dat dit wel van tyd tot tyd die Here se wil mag wees dat hulle ‘n rol het om te speel - veral om slapende Christene wakker te skud uit hulle rustige slaap. Ek word toenemend gefrustreerd deur die simplistiese benadering waarmee ons gereeld gekonfronteer word: Omdat ons van Christelike afkoms is, daarom sal die Here ons bewaar van magte soos Islam. Ons behoort baie meer selfondersoek te doen oor hoekom die goed wat met ons gebeur, gebeur. En dan biddend die Here se wil soek. En ek is ook oortuig die Here se wil gaan nie altyd ooreenstem met ons oppervlakkige interpretasie van Sy wil nie. Soms gaan Hy ook sê Islam moet kom – Hy wil hulle gebruik om slapende Christene wakker te skud, en hulle opnuut ontsag vir die Here te leer.

Kom ons keer terug na Hab 3. Lees vers 16. Habakuk bely: toe hy dit alles beter begin verstaan en begin verstaan wat die implikasies vir die volk is, het sy ingewande geril, sy lippe het gebewe, sy bene het lam geword, hy het gestaan en bewe. En let op hoekom hy so gevoel het: Die einde van

vers 16 sê: Want hy moes wag vir die dag van benoudheid om aan te breek. Watter dag van benoudheid was dit? Die dag waarop die Galdeërs sou kom om hulle aan te val. Habakuk het verstaan die Galdeërs gaan kom. Hy het verstaan hulle gaan kom, want die Here stuur hulle. En hy ril en bewe en word lam. Ja, hy weet die Here gaan die opregtes red. Ja, hy weet dit gaan lei dat daar meer ontsag vir die Here gaan wees. Ja, hy weet dit gaan bydra daartoe dat die aarde gevul sal word met die kennis van die heerlikheid van die Here. Maar, hy weet ook, die Galdeërs gaan kom. En dit gaan erg wees. Daarom ril hy en bewe hy en voel lam. Dit gaan erg wees. Ons ken die geskiedenis: die Galdeërs het gekom. Hulle het die land ingeneem. Hulle het die volk in ballingskap weggevoer. Hulle het die Judese konings onttroon. Dit was erg. Genadiglik weet ons ook, die Here het ook weer van die volk teruggebring uit ballingskap. Ons weet ook dit het gelei tot ontsag vir die Here. Maar hulle moes daardeur gaan. Dit klink vir my so anders as die vinnige oplossings wat ons so dikwels hoor. Dit klink so anders as die goedkoop evangelie wat voorspoed en rykdom en sukses voorhou as waarborge. Nee, die Chaldeërs gaan kom. En selfs die profeet van die Here wat nou verstaan wat die Here daardeur wil bereik, ril en bewe en is lam. Hy is bekommerd. Ja, hy bid. Maar hy bid dat die Here die dade sal doen wat die Here weet reg is – m.a.w. hy bid dat die Here Sy wil sal uitvoer, dat die Galdeërs sal kom. En hy verstaan dit gaan swaar wees. Daarom bid hy daarmee saam: Here, onthou om barmhartig te wees te midde van die ontsteltenis, te midde van die swaar wat kom.

Lees vers 17-18. Habakuk verstaan dit gaan swaar wees: Dit kan wees dat die vyebome nie gaan bot nie en daar dus geen vye gaan wees nie. Dit kan wees dat daar nie ‘n wingerdoes gaan wees nie. Dit kan wees dat daar nie ‘n olyfoes gaan wees nie. Dit kan wees dat daar geen oes gaan wees nie. Dit kan wees dat daar niks gaan wees om te eet nie. Dit kan wees dat daar nie kleinvee of beeste sal wees nie. Geliefdes, en dit lyk vir my, as ek na die wêreld rondom ons kyk, dat dit ook moontlik kan wees dat ons soortgelyke situasies kan verwag. Ek is byvoorbeeld bewus van gelowige Christene wat op die oomblik deur die vlaag van xenofobie in ons land getref is, en hulle verloor hulle werk, hulle moet die omgewing waarbinne hulle lank geleef het, verlaat, hulle moet selfs die gemeentes waaraan hulle behoort het, verlaat en vlug. Let op, ek praat van gelowiges, mense wat verantwoordelik ‘n dag se werk gedoen het en vir hulle gesinne gesorg het. Dit is swaar. Maar Habakuk leer ons dat die Here sulke situasies gebruik om ontsag vir Hom te bewerk. Maar dit is moeilik. Wat Habakuk ons leer is om in sulke situasies te bid dat die Here Sy wil sal laat geskied. Genadiglik mag ons dan ook bid dat die Here sal onthou om tog ook barmhartig te wees.

In vers 18 verduidelik Habakuk ook wat ons moet doen wanneer ons in hierdie situasies eindig: Hy sê selfs al is daar geen oes van enige aard nie, selfs al is daar niks om te eet nie – nogtans sal hy jubel in die Here, nogtans sal hy juig in God. Onthou, Habakuk het verstaan dit is die Here wat hierdie situasies bring. Maar nogtans, sê hy, sal hy voortgaan om in die Here te jubel en juig. Hoe is dit moontlik? Hoe jubel en juig ons in die Here as ons as gelowiges in die middel van die aanslag van die Chaldeërs sit? Wel, dan moet ons twee dinge onthou:

- Hab 2:4 “Kyk, hy wat nie opreg is nie, kwyn weg – maar die regverdige deur sy betroubaarheid (geloof) sal hy lewe.” Dit mag dalk nie op daardie stadium so lyk nie, maar die Galdeërs sal wegkwyn. Dit is in oomblikke soos hierdie dat ons die openbaringsgeskiedenis moet ken en onthou: Onthou wat by die Rooisee gebeur het. Onthou wat in Egipte gebeur het. Onthou die volk het die beloofde land ingeneem. Onthou die Here Jesus het gekom, Hy het gesterf, en Hy het opgestaan. Glo in Hom. Onthou, die regverdige sal deur die geloof lewe, selfs al sterf hy van die honger.
- Hab 2:14 “Ja, die aarde sal gevul word met die kennis van die heerlikheid van die Here soos water die see oordek.” Dit is die einddoel, dit is waarheen die Here besig is om te werk.

Tydens die swaar, moet ons onthou dit is waarheen die Here op pad is. En dit sal realiseer – daarvoor sal die Here sorg.

Onthou hoe die Hebreërskrywer baie jare later Hab 2:4 aanhaal. Lees Heb 10:32-38. Die skrywer erken gelowiges beleef swaarkry: hulle beleef geweldige stryd, beledigings, verdukking, spot en verlies aan besittings. En tog het die Hebreërs hierdie swaarkry aanvaar – hulle het dit selfs met vreugde aanvaar. Hoe is dit moontlik? Op twee maniere: (1) Die regverdige sal deur die geloof leef (Heb 10:38), en (2) Hulle het geweet hulle het 'n beter en blywende besitting – 'n besitting wat beter is as die besittings wat hulle verloor het (Heb 10:34). En hierdie beter besitting is die nuwe aarde wat gevul sal wees met die kennis van die heerlikheid van die Here. En dit is 'n blywende besitting.

Ek hoor dikwels die argument dat geloof is nie iets wat die heeltyd net gefokus moet wees op die ewigheid na hierdie bedeling nie, nee, geloof is iets vir die hier en die nou – ons is nou al verlos en ons kan nou al die vreugde beleef wat daarmee saamgaan. En natuurlik is dit waar. Maar dit is nie al wat waar is nie. Ek voel ook ongemaklik met hierdie benadering, veral as ons die vreugde van geloof in hierdie lewe meer prominensie wil gee as die vreugde in die ewigheid. Ek is oortuig die vreugde in hierdie lewe weeg nie op in vergelyking met die vreugde in die bedeling hierna nie. Immers het Paulus gesê as ons net vir hierdie lewe op die Here vertrou is ons die bejammerenswaardigste van alle mense. Ek is bekommerd ons plaas nie genoeg klem op die ewigheid nie. Immers het die Here vir Habakuk geleer om juis Sy ewige einddoel in gedagte te hou as hy sou wil verstaan oor hoekom die Galdeërs moes kom. En dieselfde is vir ons waar.

Ek het onlangs 'n gesprek gehad met 'n persoon wat ouer as 80 was, en wie se mediese toestand sodanig was dat dit menslik gesproke duidelik was dat hy nie meer lank sou leef nie. Ek wou hom bemoedig deur hom te herinner aan die ryk beloftes wat die Here vir ons gegee het oor wat gelowiges kan verwag wanneer ons sterf. Ek dink ek is reg as ek sê die persoon was grotendeels onkundig hieroor t.s.v. 'n lewenslange lewe in die kerk. Maar toe ons dit bespreek, het hy met opgewondenheid hieroor gereageer. Dit was vir my net hartseer dat hy basies sy hele lewe geleef het sonder om opgewonde te wees oor wat kom. Ek was ook betrokke in 'n gesprek waar 'n uitgesproke gelowige vrou teenwoordig was. Toe ons begin praat oor wat die einddoel van die Here is en waarna ons mag uitsien na hierdie lewe, was haar reaksie sy breek nie haar kop hieroor nie – sy sal maar wag en kyk wat eendag gebeur. Ek dink dit is tragies. Nie net ontneem sy haarself die opgewondenheid oor wat kom nie, sy is ook nie besig om haarself weerbaar te maak vir besoeke van die Galdeërs nie. As ons nie die eindpunt verstaan nie, sukkel ons ook om te verstaan hoe ons huidige situasies gaan lei na daardie eindpunt. En gevolglik is ons ook geneig om na korttermyn oplossings te soek wanneer ons 'n krisis beleef. Dan redeneer ons: Ek wil net uit die finansiële krisis kom waarin ek my bevind, of as die Here net vir ons 'n ander regering kan gee. Intussen is die Here besig met groter dinge: Hy wil almal oortuig Hy is waardig om gevrees te word, en Hy sal dit bereik aan die einde. As ons dit verstaan, redeneer ons anders oor ons huidige krisisse.

Lees Hab 3:19. Habakuk verstaan die Galdeërs gaan kom. Hy verstaan ook dat die Here daarmee 'n konstruktiewe doel het oppad na Sy einddoel. Hy verstaan ook die regverdige sal deur die geloof leef – tot die einde toe deur al die swaar tye heen. Maar hy weet ook – dit is alleen moontlik omdat die Here aan hom die krag gee om staande te bly te midde van die krisisse. Dit is die Here wat hom sal vashou, selfs as hy op hoë plekke moet loop waar dit gevaarlik is. Habakuk vertrou die Here, Hy het ontsag vir die Here, Hy het homself vergewis van hoeveel keer die Here in die verlede al gelowiges in soortgelyke situasies vasgehou en bewaar het. Hy verstaan dit dra by tot die ontsag vir die Here. En daarom loop hy – selfs op hoë en gevaarlike plekke.

Mag dit ook waar wees van elkeen van ons. Selfs al ag die Here dit nodig dat die Galdeërs vir 'n tyd beheer moet neem van die wêreld, of ons land, of selfs die kerk. Mag ons selfs dan steeds jubel in die Here wat ons verlos. Mag Hy dan steeds ook ons krag wees.